LUNGE

BEFORE USING THIS PRODUCT, READ THE LABEL CAREFULLY

LUNGE

INSECTICIDE

Reg. No. L10733, Act/Wet No. 36 of/van 1947
Namibian Reg. No. N-AR 2146

1: 02/09/2019

A water soluble insecticide, with short residual contact action for the control of insect pests in the crops as indicated.

'n Wateroplosbare insekdoder, met kort nablywende werking, vir die beheer van insekplae in die gewasse soos aangedui.

IRAC INSECTICIDE GROUP CODE	1A	IRAC INSEKDODERGROEPKODE

ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL		
Methomyl (carbamate)	900 g/kg	Metomil (karbamaat)

Registration Holder / Registrasiehouer
Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk.
Reg. No. 2000/010819/07
P.O. Box / Posbus 436, Modderfontein, 1645, South Africa / Suid- Afrika

kg

PRODUCT INFORMATION / PRODUKINLIGTING: TEL: 011 822 8509
IN CASE OF POISONING / IN GEVAL VAN VERGIFTIGING:
Griffon Poison Centre: 082 446 8946

UN Number: 2757

TOXIC / GIFTIG

GEBRUIKSAANWYSINGS INGESLUIT **VERWYS NA BESONDERHEDE SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK**
Lotnommer
Datum van vervaardiging

DIRECTIONS FOR USE ENCLOSED **REFER TO DETAILS AS PRINTED ON CONTAINER / BAG**
Batch Number
Date of manufacture

WARNINGS

Allow the following number of days between last treatment and harvest or use as food or feed:

Brussels sprouts, Broccoli, Cabbage and Cauliflower……..4 days
Citrus (for 20 g / 100 ℓ dosage)……..2 days
Citrus (for higher dosages)……28 days
Potatoes……..3 days
Grazing and Lucerne…….. 7 days
Peaches……16 days
Tomatoes……..…2 days

IMPORTANT: The recommended withholding period between last application and harvest meets local residue requirements, but may not meet export requirements. If the treated crop is intended for export, consult the relevant exporting organisation regarding MRL requirements and withholding periods. When this product is applied according to the label recommendations indicated below, the local MRL will not be exceeded. Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd T/A Meridian Agritech cannot, however, be held liable for export crops exceeding the import tolerances of other countries.

- Do not apply **LUNGE** in combination with G-49 wetter on tobacco seedbeds or on citrus.
- Handle with extreme care.
- **HARMFUL** or **FATAL by SWALLOWING, BREATHING or SKIN CONTACT.**
- Absorbed through skin and eyes.
- Toxic to fish and wildlife.
- **Toxic to bees. DO NOT** spray directly onto bees or when bees are active in crops. **DO NOT** spray into open blossoms.
- Store under lock and key in a cool place, away from food, feeds, seed and fertilizers.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- **DO NOT USE IN THE HOME GARDEN**
- **In case of poisoning, call a doctor and make this label available to him.**
- Keep the container well closed.
- **Re-entry** – Do not enter the treated area within 2 days after treatment, unless wearing protective clothing.
- **Aerial application:** Notify all inhabitants in the immediate vicinity of the area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not apply over water bodies and ensure that spray drift will not contaminate areas not under treatment.
- **LUNGE** has been tested on some of the most important commercial cultivars without any phytotoxic effects. More susceptible cultivars may be released in future which will need to be tested; for this apply **LUNGE** to a limited test area before commercial applications are made.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the pest against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Do not inhale dust or spray mist.
- Wear suitable protective clothing (respirator, boots, overalls and rubber gloves) while mixing or applying the product or before washing hands and face.
- Wash with soap and water after use and accidental skin contact. Also wash contaminated clothing. Wash all clothing and equipment in a strong washing soda solution and rinse thoroughly before making use of it again.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying the product or before washing hands and face and changing clothes.
- Do not spray during periods of high bee activity.
- Avoid excessive drift – do not apply if the wind velocity exceeds 2 meters per second (7 km per hour).
- Avoid drift of spray onto other crops, grazing, rivers, dams and areas not under treatment.
- Clean the applicator after use. Dispose of rinsate where it will not contaminate crops, grazing, rivers, dams and boreholes.
- All containers and packaging must be completely emptied before disposal. Shake out thoroughly into the mixing or spray tank before destroying the empty container.
- Prevent contamination of food, feeds, drinking water and eating utensils.

SYMPTOMS OF HUMAN POISONING

Headache, fatigue, faintness, giddiness, excessive sweating, nausea, abdominal pain, vomiting, blurred vision, muscle twitching, small pupils, respiratory distress, coma.

Inhalation: Remove patient to fresh air. Lie down and keep warm and rested. If breathing is shallow or has stopped ensure airway is clear and apply resuscitation. **Seek medical assistance immediately.**

Skin contact: Remove contaminated clothing and footwear. Wash affected areas with soap and water for at least 15 minutes. Do not rub skin. Cover the irritated skin with an emoliant. Cold water may be used. Wash clothing and shoes before re-use. **Seek medical assistance immediately.**

Eye contact: Remove any contact lenses and flush eyes with plenty of clean water or saline solution for at least 15 minutes holding eyelids open if necessary. **Seek medical assistance immediately.**

Ingestion: Never give anything by mouth to an unconscious person. If swallowed do NOT induce vomiting unless directed to by medical personnel. For advice, contact the National Poisons Centre. Loosen tight clothing such as a collar, tie, belt or waistband. **Seek medical assistance immediately.**

Advice to physician: This product is a carbamate and a cholinesterase inhibitor. Symptoms: Nausea, weakness, constriction of pupils, slow pulse, sweating, muscle twitching. Administer atropine sulphate as an antidote until complete atropinisation. Morphine, 2-PAM and oxime therapy are contra-indicated. However, for exposure to both **LUNGE** and an organophosphate insecticide, 2 PAM may be used as required to supplement the atropine sulphate treatment as described.

MODE OF ACTION

Methomyl is a Cholinesterase inhibitor. Methomyl is a systemic insecticide and acaricide with contact and stomach action.

RESISTANCE WARNING

For resistance management, **LUNGE** is a group code 1A insecticide. Any insect population may contain individuals naturally resistant to **LUNGE** and other group code 1A insecticides. The resistant individuals can eventually dominate the insect population if these insecticides are used repeatedly. These resistant insects may not be controlled by **LUNGE** or any other group code 1A insecticide.

To delay insecticide resistance:

- Avoid the exclusive repeated use of insecticides from the same insecticide group code. Alternate or tank mix with registered products from different insecticide group codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into insect control programmes.
- The choice of products to be used during one growing season should take the resistance strategy into consideration.

Since the occurrence of resistance cannot be forecast, users are advised to keep treated crops under close observation. If treatment is not effective following the use of **LUNGE** as recommended, a resistant insect population may be present. If a resistant insect population is positively identified, consideration should be given to prompt use of an insecticide with a different mode of action for which there is no record of resistance to the relevant pest. For specific information on resistance management, contact the registration holder of this product.

USE RESTRICTIONS

- Do not apply **LUNGE** to any crop or situation not mentioned in this instruction leaflet.
- Only apply **LUNGE** using an accurate and safe application technique.
- If **LUNGE** is used in a tank mix with other recommended products, consideration should be given to the restrictions of those respective products.
- Do not apply this product in combination or tank mixture with any other product or agricultural remedy which is not specifically listed on this label. Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd accepts no responsibility for any negative effects experienced if the instructions on this label are not adhered to, unless a Meridian representative was consulted beforehand.

DIRECTIONS FOR USE
Use only as directed.

COMPATIBILITY

The compatibility of **LUNGE** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. As formulations change from time to time it is recommended that a physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made.

LUNGE is not compatible with Alkaline materials. Do not use in combination with G49 wetter on tobacco seedbeds or on citrus.

When **LUNGE** is used in conjunction with any other agricultural remedy, all **WARNINGS, PRECAUTIONS** and **DIRECTIONS FOR USE** mentioned on those particular product labels, must be adhered to.

MIXING INSTRUCTIONS

Half-fill the spray tank with suitable water. Start agitation (use mechanical or hydraulic agitator). Add the required amount of **LUNGE** water soluble bags by opening the envelope and immediately dumping the entire contents into the spray tank. Do not touch water soluble bag. Prior to application, continue filling with water and continue agitation for several minutes in order to dissolve water soluble bag and its contents entirely.

Ensure constant and thorough agitation during mixing and spray operations.

APPLICATION METHODS

DO NOT COMMENCE AERIAL APPLICATION BEFORE CONSULTING YOUR LUNGE REPRESENTATIVE.
AERIAL APPLICATION

Aerial application may only be done by a registered aerial application operator using a registered and correctly calibrated aircraft according to the instructions of SANS Code 10118 (Aerial Application of Agricultural Remedies). It is important to ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria are met:

Equipment

- Use suitable atomising equipment that will produce the desired droplet size and coverage of the target area and will ensure minimum loss of product through drift.
- The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible Relative Span.
- All nozzles and atomisers should be positioned within the inner 60-75% of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.

Application Parameters

- A droplet spectrum with a VMD of 300-350 microns is recommended. Ensure that the production of fine droplets, with a VMD of less than 150 microns, is restricted to a minimum.
- The height of the spray boom should be maintained at 3 - 4m above the target.
- Do not spray when the aircraft is in a climb, at the top of a turn or during a dive or when banking.
- A minimum volume of 30 ℓ spray mixture per ha is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy nor be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended.
- A minimum droplet coverage of 30 – 35 droplets per sq. cm must be recovered at the target.

Meteorological Conditions

- The difference between the wet and dry bulb readings as determined by a whirling hygrometer must not exceed 8 ºC.
- Do not spray under turbulent, unstable conditions or during the heat of the day when rising thermals and downdraughts occur.
- Do not spray under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80% and above). As this may lead to:

a) Reduced efficacy due to inadequate coverage due to suspension and evaporation of small droplets in the air.
b) Damage to sensitive crops and non-target areas due to drifting of the suspended spray cloud away from the area under treatment.

- Do not spray when the wind speed exceeds 15 km per hour.

General

- Ensure that fields are accurately marked and that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray.

- Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met and that the relevant data will be kept for future reference.

GROUND APPLICATION

- Ensure that application equipment is clean, accurately calibrated and in good working order.
- Remove sediments, such as residues of pesticides, rust and dust from spray tanks before the use of **LUNGE**.
- Avoid the use of hard or muddy water with a high colloidal content derived from soils with a high organic matter content.
- All sprayers must be correctly calibrated under field conditions prior to application.
- It is not necessary to spray to the point of run-off, but it is essential to ensure even and complete coverage of the target plants.
- Ensure even application for optimum results.

RECOMMENDATIONS

CROP	DOSAGE RATE	REMARKS
Citrus Red scale	100 g **LUNGE** + 3 ℓ adjuvant such as Sunspray oil / 100 ℓ water	L.V. **Corrective treatment:** Apply when 25 – 40% of the fruit is infested with one or more live nymphs or red scale adults. **Bearing trees:** Apply only once, between December and March, on early maturing cultivars between December and January. Use **only** high pressure hand spray guns (compressor type). Do not use any other conventional citrus spraying apparatus.
Cruciferae (Broccoli, Brussels sprouts, Cauliflower, Cabbage) Diamond Back Moth (*Plutella xylostella*).	**Aerial Application** 250 g / ha	Apply in 30 ℓ water / ha as soon as the larvae appear. Repeat as necessary.
	Ground Application 250 g / ha 50 g / 100 ℓ water	Apply in sufficient water to ensure good coverage. Apply when the pests first appear on the leaves. Use up to 500 ℓ spray mixture / ha. During hot weather or peak infestations, repeat applications at intervals of 3-5 days. Apply to plants which have been thoroughly wetted. This treatment will also control African bollworm, Aphids and Greater cabbage moth larvae if present.
Lucerne African Bollworm (*Helicoverpa armigera*)	**Aerial Application** 200 g / ha **Ground Application** 200 g / ha 50 g / 100 ℓ water	Apply in 30 ℓ water / ha as soon as the larvae are noticed. Repeat as necessary. Low volume: Apply in 100 – 200 ℓ water / ha. High volume: Apply up to 400 ℓ spray mixture / ha.
Grazing and other crops Army worms (*Spodoptera* sp.)	**Ground Application** 50 g / ha	Apply in 400 ℓ water / ha as soon as an infestation is noticed.
Peaches False codling moth	50 g / 100 ℓ water	**Early varieties:** Apply twice and ensure that the trees are sprayed thoroughly wet. Start applications 4 weeks before harvest and repeat after 10 days. **Late varieties:** Apply 3 times and ensure that the trees are sprayed thoroughly wet. Start applications 6 weeks before harvest and repeat at 10 day intervals. Registered treatments for Fruit Fly control should also be applied (to both early and late varieties).

Potatoes Tuber moth *(Phthorimaea operculella*)	**Aerial Application** 300 – 500 g / ha **Ground Application** 50 g / 100 ℓ water	Apply in 30 ℓ of water / ha. Use the higher dosage rate if the spray interval exceeds one week. For the control of Tuber Moth, applications should be started when the plants are one month old and repeat at weekly intervals during the growing season. Ridge the potatoes at least twice during the growing season. One application is sufficient to control African bollworm, but repeat if necessary. For ground application, spray thoroughly to ensure good coverage. Apply up to 1 000 ℓ spray mixture / ha. This application will also control African bollworm if present.
Tomatoes African Bollworm (*Helicoverpa armigera*)	50 g / 100 ℓ water	Apply as a full cover spray as soon as the fruit begins to set, or earlier if necessary, and repeat at 7-10 day intervals during the growing season. This application will also control Aphids, Leaf miner and Thrips if present.

ACKNOWLEDGEMENT OF TRADEMARKS AND REGISTRATION UNDER ACT NO 36 OF 1947

Vitex 50 (L 9525) Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd. Promec 20 EW (L 9729) Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd.

WAARSKUWINGS

Laat die volgende aantal dae toe tussen laaste toediening en oes, of vir gebruik as voedsel of voer:

Aartappels……3 dae
Brusselse spruite, Broccoli, Kopkool en Blomkool…..4 dae
Perskes……16 dae
Sitrus (vir 20 g / 100 ℓ dosis)……..2 dae Sitrus (vir hoër dosisse)……28 dae
Tamaties……..2 dae
Weiding en Lusern……..7 dae

BELANGRIK: Die aanbevole onthoudingsperiode tussen die laaste toediening en oes voldoen aan die plaaslike residuvereistes, maar dit mag dalk nie aan die buitelandse uitvoervereistes voldoen nie. Indien die behandelde gewas vir die buiteland bestem is, moet die relevante invoer- of uitvoerinstansie genader word rakende die aanbevole onthoudingsperiode (MRL) vir die gebruik van die produkte. Indien hierdie produk toegedien word volgens die etiketvoorskrif soos hieronder aangedui, sal die plaaslike MRL nie oorskry word nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. H/A Meridian Agritech kan egter nie aanspreeklik gehou word vir uitvoergewasse wat die invoervereistes van ander lande oorskry nie.

- Moenie **LUNGE** in kombinasie met G-49-benatter op tabaksaailinge of op sitrus gebruik nie.
- Hanteer uiters versigtig.
- **SKADELIK** of **NOODLOTTIG** indien **INGESLUK, INGEASEM** of deur **VELKONTAK.**
- Word deur vel en oë geabsorbeer.
- Giftig vir visse en wildlewe.
- **Giftig vir bye. Moenie** direk op bye spuit nie, of wanneer bye aktief in die gewas werksaam is nie. **MOENIE** in oop bloeisels spuit nie.
- Bêre agter slot-en-grendel in ‘n koel plek, weg van voedsel, voer, saad en kunsmis.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **MOENIE IN HUISTUINE GEBRUIK NIE.**
- **In geval van vergiftiging, kontak onmiddellik ‘n dokter en maak hierdie etiket aan hom/haar beskikbaar.**
- Hou die houer dig toe.
- **Herbetreding** - Moenie behandelde gebied binne 2 dae na behandeling betree nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
- **Lugtoediening:** Stel al die inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moenie oor water spuit, of die spuitstof daarheen laat oorwaai nie.
- **LUNGE** is sonder enige fitotoksisiteitskade op die mees belangrikste kommersiële kultivars getoets. Meer sensitiewe kultivars mag in die toekoms vrygestel word wat eers getoets moet word; hiervoor moet **LUNGE** eers op ‘n klein toetsoppervlakte aangewend word, alvorens groot kommersiële bespuitings gemaak word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder ’n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van die toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige invloede op mens of dier of vir ’n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

- Moenie die dampe of spuitnewel inasem nie.
- Dra geskikte beskermende klere (respirator, stewels, oorpakke en rubberhandskoene) terwyl vermenging en aanwendig van die produk plaasvind of voordat hande en gesig gewas is.
- Was met seep en water na gebruik en toevallige velkontak. Was ook besoedelde klere.
- Was alle klere en toerusting in ‘n sterk wassoda-oplossing en spoel deeglik voordat dit weer gebruik word.
- Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk, of voordat hande en gesig gewas en skoon klere aangetrek is nie.
- Moenie gedurende periodes van hoë by-aktiwiteit spuit nie.
- Vermy oormatige wegdrywing – moenie toedien as die windsnelheid 2 meter per sekonde (7 km per uur) oorskry nie.

- Vermy die wegdrywing na ander gewasse, weidings, riviere, damme en ander gebiede wat nie behandel word nie.
- Maak die toedieningsapparaat deeglik skoon na gebruik. Raak ontslae van die spoelwater waar dit nie gewasse, weidings, riviere, damme en boorgate sal besoedel nie.
- Alle houers en verpakkings moet heeltemal leeggemaak word voordat dit vernietig word. Skud die houer deeglik in die meng- of spuittenk uit voordat die leë houer vernietig word.
- Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING

Hoofpyn, moegheid, flouheid, duiseligheid, oormatige sweetafskeiding, naarheid, maagpyn, braking, belemmerde uitsig, spiertrekkings, klein pupille, asemhalingsnood en koma.

Inaseming: Beweeg die pasiënt na vars lug. Laat persoon plat lê en hou persoon warm en rustig. Indien asemhaling vlak is of ophou, verseker dat lugweë oop is en dien resussitering toe. **Verkry onmiddellik mediese bystand.**

Velkontak: Verwyder gekontamineerde klere en skoeisel. Was besmette areas met seep en water vir ten minste 15 minute. Moenie vel vryf nie. Bedek die geïrriteerde vel met ‘n versagtingsmiddel. Koue water mag gebruik word. Was klere en skoene voor hergebruik. **Verkry onmiddellik mediese bystand.**

Oogkontak: Verwyder enige kontaklense en spoel oë met genoegsame skoon water of soutoplossing vir ten minste 15 minute terwyl ooglede, indien nodig, oopgehou word. **Verkry onmiddellik mediese bystand.**

Ingesluk: Moet nooit iets per mond aan ‘n bewustelose persoon toedien nie. Indien ingesluk, MOENIE braking induseer nie, tensy so deur ‘n mediese persoon aanbeveel. Vir advies kan die Nasionale Gifsentrum gekontak word. Maak stywe klere soos kraag, das, belt of gordel los. **Verkry onmiddellik mediese bystand.**

Nota aan geneesheer: Hierdie produk is ‘n karbamaat wat ‘n cholienesterase-inhibeerder is. Simptome: Naarheid, swakheid, vernoude pupille, stadige pols, sweet, spiertrekkings. Dien atropiensulfaat as ‘n teenmiddel toe totdat volledige atropinisasie voorkom. Morfien, 2-PAM en oksiemterapie is kontra-indikasie. Indien daar egter blootstelling aan beide **LUNGE** en ‘n organofosfaat insekdoder was, mag 2 PAM gebruik word soos benodig om die atropiensulfaat behandeling aan te vul.

METODE VAN WERKING

Metomil is ‘n cholienesterase-inhibeerder. Metomil is ‘n sistemiese insek- en mytdoder met kontak- en maagwerking.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur is **LUNGE** 'n groepkode 1A insekdoder. Enige insekpopulasie mag individue bevat wat natuurlike weerstand teen **LUNGE** of enige ander groepkode 1A insekdoder het. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die insekpopulasie oorheers as hierdie insekdoder herhaaldelik aangewend word. Hierdie weerstandbiedende insekte sal waarskynlik nie deur **LUNGE** of enige ander groepkode 1A insekdoder beheer word nie.

Om weerstand teen insekdoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van insekdoders met dieselfde chemiese groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, produkte in verskillende insekdodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreels (chemies, verbouing, biologies) in insekbeheerprogramme.
- Die produkkeuses wat gedurende ‘n groeiseisoen gebruik gaan word, moet die weerstandstrategie in ag neem.

Aangesien die voorkoms van weerstandbiedendheid moeilik is om te bepaal, is dit uiters belangrik om die behandelde gewasse noukeurig te ondersoek. Indien die behandeling nie effektief was met die gebruik van **LUNGE** soos voorgeskryf nie, mag daar ‘n weerstandbiedende-populasie teenwoordig wees. Indien so ‘n weerstandbiedende-populasie positief geïdentifiseer word, moet daar onmiddellik ‘n insekdoderbespuiting wat ‘n ander werkswyse het, waar daar geen bewys van weerstand teen die siekte voorkom, gedoen word. Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kan die registrasiehouer van hierdie produk gekontak word.

GEBRUIKSBEPERKINGS

- Moenie **LUNGE** op enige gewas of situasie aanwend wat nie in die voorskrifetiket verskyn nie.
- Dien **LUNGE** slegs toe deur van akkurate en veilige toedieningstegnieke gebruik te maak.
- Indien **LUNGE** in ‘n tenkmengsel met ander aanbevole produkte gebruik word, moet oorweging aan die beperkings van daardie betrokke produkte geskenk word.
- Moenie hierdie produk in kombinasie of tenkmengsel met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op hierdie etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy ‘n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.

GEBRUIKSAANWYSINGS
Gebruik slegs soos aangedui.

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **LUNGE** met ander produkte sal van die formulerings van die onderskeie produkte afhang, asook van die kwaliteit van die verdunningswater wat gebruik word. Soos formulerings van tyd tot tyd verander, is dit raadsaam om eers ‘n fisiese verenigbaarheidstoets te doen, voordat tenkmengsels gemaak word.

LUNGE is nie verenigbaar met alkaliese middels nie. Moenie in kombinasie met G49-benatter op tabaksaailinge en op sitrus gebruik nie.

Indien **LUNGE** saam met ander landboumiddels gebruik word, moet alle **WAARSKUWINGS, VOORSORGMAATREËLS** en **GEBRUIKSAANWYSINGS** soos wat op daardie onderskeie etikette verskyn, nagekom word.

MENGINSTRUKSIES

Maak die spuittenk halfvol met geskikte water. Begin met roering (gebruik meganiese of hidroliese roerders). Voeg die verlangde hoeveelheid **LUNGE** wateroplosbare sakkies by, deur die koevert oop te maak en onmiddellik die inhoud daarvan in die spuittenk te gooi. Moenie aan die wateroplosbare sakkie raak nie. Voor toediening moet die tenk met water gevul word en aanhoudend vir ‘n paar minute geroer word totdat die wateroplosbare sakkie en die inhoud daarvan heeltemal opgelos het.

Verseker konstante en deeglike roering gedurende die meng- en spuitproses.

TOEDIENINGSMETODES

MOENIE MET LUGTOEDIENING BEGIN ALVORENS U U LUNGE-VERTEENWOORDIGER GESPREEK HET NIE.

LUGBESPUITING

Lugtoediening mag slegs deur ‘n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met ‘n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Remedies) gedoen word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot ‘n minimum beperk word. Dit is dus belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

Toerusting
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur wegdrywing sal verseker.
- Die spuitstelsel moet ‘n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe spanwydte produseer.
- Al die spuitkoppe en atomiseerders moet in die binneste 60 - 75% van die vlerkspan geplaas word om te verhoed dat die die druppels binne-in die vlerkvorteks inbeweeg.

Toedieningsparameters

- ‘n Druppelspektrum met ‘n VMD van 300 - 350 mikron word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels (kleiner as 150 mikron) tot ‘n minimum beperk word.
- Die hoogte van die spuitbalk moet tussen 3 en 4 meter bokant die teiken gehandhaaf word.
- Moenie spuit wanneer die vliegtuig besig is om te klim, te draai, te duik, of terwyl dit uitklim nie.
- ‘n Minimum volume van 30ℓ spuitmengsel per hektaar word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen ‘n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word

vir enige nadelige effek indien hierdie produk teen ‘n laer volume as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.

- ‘n Druppelbedekking van 30 - 35 druppels per vierkante cm moet op die teikenarea herwin word.

Meteorologiese Toestande

- Die verskil tussen die nat- en droëbollesing, soos met ‘n swaaihigrometer bepaal, moet nie 8°C oorskry nie.
- Moenie tydens turbulente, onstabiele toestande, of gedurende die hitte van die dag wanneer stygende en dalende konveksie-windbewegings plaasvind, toedien nie.
- Moenie tydens temperatuur-inversie-toestande (deur bokant of binne-in die inversielaag te spuit) en/of gedurende hoë humiditeitstoestande (relatiewe humiditeit bokant 80%) toedien nie, aangesien dit kan lei tot:

  a) Verlaagde effektiwiteit a.g.v. suspensie of verdamping van klein druppels in die lug, wat tot onvoldoende bedekking op teikenarea lei.
  b) Skade aan ander sensitiewe gewasse en/of nie-teikenareas deur wegdrywing van die spuitwolk vanaf die teikenarea.
- Moenie spuit wanneer die windspoed 15 km per uur oorskry nie.

Algemeen

- Verseker dat die lande akkuraat gemerk is en dat die spuitoperateur presies weet watter lande gespuit moet word.
- Verkry die versekering van die lugspuitoperateur dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat die toepaslike data in ‘n logboek vir latere verwysing opgeteken sal word.

GRONDTOEDIENING

- Verseker dat toedieningstoerusting skoon, akkuraat gekalibreer en in goeie werkende toestand is.
- Verwyder sediment, soos residue van plaagmiddels, roes en stof van spuittenks voor die gebruik van **LUNGE**.
- Vermy die gebruik van harde en modderige water met ‘n hoë kolloïdale inhoud afkomstig van gronde met ‘n hoë organiese inhoud.
- Alle spuitpompe moet voor toediening korrek onder veldtoestande gekalibreer wees.
- Dit is nie nodig om tot op punt van afloop te spuit nie, maar eweredige en volledige bedekking van die teikenplante is noodsaaklik.
- Verseker egalige toediening vir optimum resultate.

AANBEVELINGS

GEWAS	DOSIS	OPMERKINGS
Sitrus Rooidopluis	100 g **LUNGE** + 3 ℓ byvoegmiddel soos Sunspray olie / 100 ℓ water	L.V. **Korrektiewe behandeling:** Dien toe wanneer 25 – 40% vrugte met een of meer lewendige nimfe of volwasse dopluise besmet is. **Draende bome:** Dien slegs eenkeer toe tussen Desember en Maart en op vroeë kultivars tussen Desember en Januarie. Gebruik **slegs** hoë-druk handspuite (kompressor-tipe). Moenie enige ander konvensionele sitrus-spuittoerusting gebruik nie.
Koolgewasse/Kruisblommiges (Broccoli, Brusselse spruite, Blomkool, Kopkool) Ruitrugmot (*Plutella xylostella*).	**Lugtoediening** 250 g / ha	Dien toe in 30 ℓ water / ha sodra die larwes verskyn. Herhaal indien nodig.
	Grondtoediening 250 g / ha 50 g / 100 ℓ water	Dien in genoeg water toe om goeie bedekking te verseker. Dien toe wanneer jong larwes op die blare opgemerk word. Gebruik tot 500 ℓ spuitmengsel / ha. Gedurende warm weer of hoë infestasie, herhaal toedienings met intervalle van 3-5 dae. Dien toe op plante wat deeglik natgemaak is. Indien teenwoordig sal hierdie behandeling ook die Afrika bolwurm, plantluise en die grootkoolmotlarwes beheer.

Lusern Afrika bolwurm (*Helicoverpa armigera*)	**Lugtoediening** 200 g / ha **Grondtoediening** 200 g / ha 50 g / 100 ℓ water	Dien toe in 30 ℓ water / ha sodra die larwes opgemerk word. Herhaal indien nodig. Lae volume: Dien toe in 100 – 200 ℓ water / ha. Hoë volume: Dien tot 400 ℓ spuitmengsel / ha toe.
Weidings en ander gewasse Kommandowurm (*Spodoptera* sp.)	**Grondtoediening** 50 g / ha	Dien toe in 400 ℓ water / ha sodra infestasie waargeneem word.
Perskes Valskodlingmot	50 g / 100 ℓ water	**Vroeë variëteite:** Dien twee bespuitings toe en verseker dat die bome deeglik nat gespuit word. Begin bespuitings 4 weke voor oes en herhaal 10 dae later. **Laat variëteite:** Dien drie bespuitings toe en verseker dat die bome deeglik nat gespuit word. Begin bespuitings 6 weke voor oes en herhaal met 10 dae intervalle. Geregistreerde behandelings vir Vrugtevliegbeheer moet ook gedoen word (vir beide vroeë en laat variëteite).
Aartappels Aartappelmot *(Phthorimaea operculella*)	**Lugtoediening** 300 – 500 g / ha **Grondtoediening** 50 g / 100 ℓ water	Dien toe in 30 ℓ of water / ha. Gebruik die hoër dosis indien die spuitinterval een week oorskry. Vir die beheer van aartappelmot, moet bespuitings begin word wanneer die plante een maand oud is en met weeklikse intervalle gedurende die groeiseisoen herhaal word. Aartappels moet ten minste twee keer gedurende die seisoen opgeërd word. Een toediening is voldoende om Afrika bolwurm te beheer, maar herhaal indien nodig. Vir grondtoediening; spuit deeglik om goeie bedekking te verseker. Dien tot 1 000 ℓ spuitmengsel / ha toe. Hierdie toediening sal ook Afrika bolwurm beheer indien teenwoordig.
Tamaties Afrika bolwurm (*Helicoverpa armigera*)	50 g / 100 ℓ water	Dien toe as ‘n voldekbespuiting sodra vrugte begin set of vroeër indien nodig en herhaal met 7-10 dag intervalle gedurende die groeiseisoen. Hierdie toediening sal ook plantluise, blaarmyner en blaaspootjies beheer indien teenwoordig.

ERKENNING VAN HANDELSMERKE EN REGISTRASIES ONDER WET NO. 36 VAN 1947

Vitex 50 (L 9525)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.
Promec 20 EW (L 9729)	Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk